

1 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:9-12; Heidelbergse Kategismus Sondag 45

Bid, bid en bid!

Van al die woorde wat Jesus op aarde gesê het, was die Ons Vader-gebed sekerlik van die belangrikste!

Dat ons moet bid, is duidelik uit Jesus se woorde as Hy sê: *"So moet julle bid."* Die opdrag om te bid, staan die hele Bybel vol. In Romeine 12:12 kry ons dit ook: *"...volhard in gebed."* Volhard in die gebed beteken ons moet daarmee aanhou. Ons moet gedurig bid. Ons moet sonder ophou bid. Ons moet ons afsprake om tot God te bid in ons binnekamers, saam met ons gesinne met huisgodsdienste en saam met ons medegelowiges in die erediens, nakom. God wil immers sy genade en sy Heilige Gees alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

Wanneer ons bid, praat ons direk met die almagtige God, gaan ons sy troonsaal binne en verskyn ons voor sy troon. Daar beleef ons sy almag en sy genade en sy liefde vir ons en dit gee ons oorvloedige blydschap in ons geloof.

Deur gebed sal ons omstandighede nie altyd verander word nie, maar sal ons altyd die krag kry om enige situasie te hanteer en vas te bly staan in die geloof.

En onthou: Een van die sekerste tekens dat jy moet begin bid en dat jy meer moet bid, is as jy nie lus voel om te bid nie. 'n Gelowige wat nie lus is om te bid nie, se geloof sal vreugdeloos en kragteloos wees. So 'n gelowige moet dadelik werk maak en volhard in gebed. Dit is die belangrikste manier waarop ons ons dankbaarheid aan die Here bewys.

Omsoom u lewe met gebed, dan sal dit nooit uitrafel nie!

Sing: Skrifberyming 59 (10-2)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)